# HOËRSKOOL PIONIER
# ALGEMENE KOSHUISREËLS
[Gewysig 2025]

## DAAGLIKSE- EN WEEKLIKSE ROETINES

1. Koshuistye

- Kloktye word op al die kennisgewingborde vertoon.
- Ligte uit is 22:00. Dan sal daar stilte in die koshuis wees.
- Leerlinge mag met toestemming van die personeel aan diens, later studeer.

2. Dorpsdag

- Die volgende dorpsdae geld:
  - Gr. 8 & 9 Dinsdag (15:15 tot 16:45)
  - Gr. 10 tot 12 Woensdag (15:15 tot 16:45)
- Leerlinge moet in skooluniform inkopiesentrum toe gaan.
- Geen leerling mag sonder die superintendent middedorp toe gaan nie.
- Leerlinge mag hul selfone op eie risiko saam met hulle inkopiesentrum- of dorp toe neem.
- **Geen** leerling mag sonder toestemming, van sy/haar ouers/voogde, saam met 'n personeellid of enige ander persoon, 'n geleentheid dorp toe kry nie.

3. Koshuisterrein verlaat

- Indien 'n leerling gedurende die week huis toe gaan, of om enige ander rede die koshuisterrein oornag gaan verlaat, moet die ouers self die leerling in die uittekenregister uitteken.
- Indien 'n leerling gedurende die week huis toe gaan, of om enige ander rede die koshuisterrein oornag gaan verlaat en nie self deur die ouer uitgeteken kan word nie, moet die ouer 2 dae voor die tyd, skriftelik, die superintendent per brief, e-pos of per whatsapp-boodskap in kennis stel. Enige leerling wat die koshuis op hierdie voorwaarde verlaat, moet deur die ouer se gevolmagtigde of verteenwoordiger in die uittekenregister in die voorportaal uitgeteken word. Alle gevraagde inligting moet verskaf word.
- Indien 'n leerling aan sport/aktiwiteite buite die skoolterrein deelneem, moet die ouer skriftelik aansoek om toestemming doen. Sulke toegewings is onderhewig aan die verantwoordelike gebruik daarvan, die koshuisroetine en die akademiese vordering van die leerling. Alleenlik in geval van nood sal telefoonoproepe vir toestemming aanvaar word.
- Indien enige leerling tydens eksamen by die huis wil gaan bly, moet die leerling se ouers vooraf n brief aan die superintendent stuur. Geen telefoniese reëlings sal aanvaar word nie.

4. Vakansiedae en sosiale aktiwiteite gedurende die week

- Geen leerling mag by 'n vriend/vriendin in die dorp gaan oornag indien daar 'n vakansiedag in die week is nie. Leerlinge mag slegs by hul ouerhuis gaan slaap.
- Geen leerling sal toegelaat word om enige sosiale funksie buite die koshuisterrein, gedurende die week, by te woon nie. Indien leerlinge deur hulle ouers vir sulke geleenthede opgelaai word, geld die reëling vir kennisgewing en uitteken, soos hierbo uiteengesit.

5. Naweke en uittekenlyste

- Leerlinge wat naweke en gedeeltes van 'n naweek in die koshuis wil bly, moet dit so in die matrone se inwoningsregister (eetsaal) aanteken. Leerlinge wat nie inwoon nie, moet op Donderdae op die voorgeskrewe uittekenlyste uitteken.
- Leerlinge wat nie huis toe gaan nie, maar by vriende gaan kuier, se ouers moet die koshuis skriftelik die Woensdag voor die betrokke naweek daarvan in kennis stel. In sulke gevalle moet die ouer se gevolmagtigde, of verteenwoordiger die leerling in die uittekenregister in die voorportaal uitteken en alle gevraagde inligting moet verskaf word.
- Leerlinge keer onder normale omstandighede op Sondae na die koshuis terug. Leerlinge, wat op Sondae met die bus terugkeer, MOET in die koshuis slaap. Indien probleme hiermee ondervind word, of indien 'n alternatiewe reëling geld, moet die superintendent voor 19:00 Sondagaand daarvan verwittig word.
- Leerlinge wat eers op Maandagoggend terugkeer, moet die oggend reeds in die koshuis wees.
- Leerlinge wat, om watter rede ook al, naweke inwoon, word as voltyds teenwoordig in die koshuis beskou en val in by die naweekroetine van die koshuis. Enige afwyking hiervan sal slegs met die toestemming van die superintendent geskied.
- Sondagroetine: Ontbyt, Kerkdiens (verpligtend) Dorp, Middagete, Eie tyd. (Nie weer die terrein verlaat na middagete nie)
- Die koshuis sluit om 19:00 op n Sondagaand, geen wegneemetes sal na 19:00 uur aanvaar word nie, die sekuriteit sal hul wegwys.

6. Eetsaal en etes

- Leerlinge moet as volg tydens etes geklee wees:
  - Oggend: Skoolklere
  - Aand: Netjies en betaamlik - geen oop maag. Seuns hemp met moue.
    Nie kaalvoet. Geen hoede. Dogters met "skipants" moet lang oorhemp dra.
    Moet óf volledige skoolklere aanhê óf sindelike gewone klere
- Toon goeie tafelmaniere - dienspersoneel en prefekte moet toesien dat goeie orde gehandhaaf word.
- Alle etes moet bygewoon word. Teenwoordigheid sal gekontroleer word.
- Geen wegneemetes sal in die eetsaal gedurende etenstyd geëet word nie.
- Vroeër- of later etes word slegs deur die aandienspersoneel met die matrones gereël.
- Geen Checkers 60/60-aflewerings sal aanvaar word nie. Aankope kan op dorpsdag of oor 'n naweek plaasvind.
- Geen energiedrankies bv. Monsters, Red Bull word in die koshuis toegelaat nie.

7. Studietyd

- Alle leerlinge moet gedurende studietyd betaamlik geklee wees. Geen slaapklere kan gedurende studietyd gedra word nie.
- Graad 8-seuns studeer tydens die 1ste kwartaal in die studie-/eetsaal, onder toesig van die personeel en prefekte aan diens.
- Gr. 8-seuns mag vanaf 2de kwartaal in hul kamers studeer, mits hulle aan 'n 50% gemiddeld voldoen.
- Alle ander leerlinge sal toegelaat word om in hul kamers te studeer. Hierdie is 'n voorreg en nie 'n reg nie. Alle leerlinge, wat 'n gemiddeld van onder 50% per kwartaal behaal, sal in die eetsaal, onder toesig, studeer, totdat 'n gemiddeld van bo 50 behaal word.

- Daar word van alle ander leerlinge verwag om tydens studie by hulle eie studietafels met skoolwerk besig te wees.
- Die dagrooster maak voorsiening vir tye van onderbreking tussen die studiesessies. Leerlinge maak van hierdie tyd gebruik om probleme te kan uitsorteer, of om die badkamers te besoek. Geen ander rondloop word tydens studiesessies toegelaat nie.

8. Besoeke aan die koshuis gedurende skooltyd

- Geen leerling sal in die koshuis gedurende skooltyd toegelaat word nie. Middagete word wel in die eetsaal bedien gedurende tweede pouse van skoolrooster.

**KOSHUISGEBOUE EN -TERREIN**

1. Kuierplekke

- Leerlinge mag met 'n vriend/vriendin van die ander geslag kuier, maar alleenlik op die SKOOLTERREIN en NIE BUITE die terrein nie.
- Geen leerling mag die gange van die teenoorgestelde geslag besoek nie.
- Geen leerling mag kuier/stop op die tweede vloer om met 'n vriend/vriendin van die ander geslag te gesels nie. Gesels in die portaal of buite.
- Indien 'n vriend/vriendin van die dorp kom kuier, moet hul die terrein om 17:00 verlaat.
- Geen leerling mag buite die skool- en koshuishek kuier of in motor sit en kuier nie.
- Geen leerling mag in inwonende personeel se woonstelle kuier nie.
- Geen dorpsleerling mag die gange/of badkamers besoek nie.
- Geen balspele mag in die koshuis of op die parkeerterreine voor- of agter die koshuis gespeel word nie.
- Almal kan na skool en tydens studiebreek in die vierkant kuier, niemand mag egter verby die sementpaadjie na Dahlia se vensters beweeg nie.
- Geen gekuier by ingang van voordeur nie.
- Geen leerling mag na ete oor die teerpad na skoolterrein beweeg nie, tensy vir die bywoon van 'n amptelike skoolgeleentheid of funksie, of ekstra tutorlesse, soos deur superintendent goedgekeur.

2. Voertuie op die koshuis- of skoolterrein

- Leerlinge wat motors, motorfietse op die terrein wil aanhou, mag dit net op die volgende voorwaardes doen:
  - Ouers moet skriftelik en met 'n aanvaarbare oplaag van redes by die superintendent daarvoor aansoek doen. Die vergunning geld eers vandat dit amptelik goedgekeur is.
  - Die leerling oor die nodige lisensie beskik om die voertuig te mag gebruik.
  - Die veronderstelling is dat sulke voertuie die enigste wyse is waarmee die betrokke koshuisganger na- en van hulle ouerhuise (indien nodig) kan reis, of die enigste wyse van vervoer na en van goedgekeurde buitemuurse aktiwiteite is. Voertuie mag dan ook net vir hierdie doeleindes gebruik word.
  - Die sleutels van voertuie moet ingehandig word en wanneer benodig by die superintendent afgehaal word.

- Die teenwoordigheid van voertuie is in geheel op die eienaar se eie risiko.
- Voertuie mag net op die teerblad langs die skoolsaal parkeer word.

**Indien enige van die bogenoemde voorwaardes nie nagekom word nie, sal die reëling onmiddellik gestaak word.**

3. Onderhoud en inspeksies

- Kamer- en kasinspeksies vind elke dag plaas. Hierdie geskied onder toesig van die personeellid aan diens.
- Elke leerling is verantwoordelik vir die uitvee van sy/haar eie kamer. Indien die prefek of personeellid nie tevrede is nie sal leerling gestraf word.
- Indien 'n leerling koshuiseiendom breek/beskadig, is hy/sy verantwoordelik vir die herstel daarvan. Op elke gang is daar 'n breekskadeboek en enige brekasies moet aan die prefek in die gang vir herstel aangemeld word.
- Leerlinge moet asb. geen ligte of elektriese toestelle aangeskakel laat indien hy/sy hul kamer vir skool of naweek verlaat nie. Alle selfoonlaaiers moet uitgeprop word. Vensters moet toegemaak word en kaste moet gesluit word wanneer die koshuis verlaat word.
- Geen voorwerpe of enige vloeistof mag by vensters uitgegooi word nie.

4. Verfraaiing van kamers

- Leerling kan hul kamers verfraai deur eie gordyne, linne, ens. aan te bring.
- Geen plakkate mag teen kamermure geplak word nie. Indien enige skade aan mure/kaste veroorsaak word, sal die betrokke persoon vir die herstel daarvan verantwoordelik gehou word.

5. Rekenaars, radio's, selfone en elektriese apparate

- Slegs leerlinge wat rekenaars vir akademiese doeleindes moet gebruik, sal toegelaat word om dit in die koshuis aan te hou. Hierdie vergunning is onderhewig aan die volgende voorwaardes:
  - Hierdie toegewing is 'n voorreg wat opgeskort sal word indien van die bogenoemde reëling afgewyk word.
  - Die gebruik van sulke rekenaars is vir die uitsluitlike gebruik deur die eienaar daarvan.
  - Die besit en gebruik van sulke apparaat geskied in alle moontlike gevalle en omstandighede op die risiko van die eienaar of sy/haar ouers of voogde.
  - Klankapparaat word onder streng voorwaardes in die koshuis toegelaat. Indien musiek te hard gespeel word, sal die toestel gekonfiskeer word.
- Haardroërs en "haartange" sal toegelaat word.
- Een elektriese ketel per gang word toegelaat.
- Net die hoofprefekte op die gange mag 'n yskas en 'n ketel in hul kamers hê. Ander gr. 12-leerling kan met spesiale toestemming ook toegelaat word, volgens behoeftebepaling.
- Geen broodroosters, braaipanne, soortgelyke elektriese toebehore word toegelaat nie.
- Selfone mag gedurende studietyd deur gr. 10 - 12 vir studiedoeleindes gebruik word.
- Alle gr. 8 - 9-leerders moet hul selfone gedurende studie by gangprefekte inhandig. Selfone sal tydens lang breek vir oproepe beskikbaar gemaak word. Leerlinge wat oortree, sal ooreenkomstig die strafstelsel met die strafstelsel gestraf word.
- Ouers word versoek om die genoemde tye te respekteer. Indien ouers hulle kinders buite die genoemde tye wil kontak, word daar met die superintendent geskakel.

- Indien daar omstandighede ontstaan waarvolgens die ouers geskakel moet word, sal dit deur die superintendent gedoen word.
- Geen selfone mag saans na ligte uit gebruik word nie.
- Die koshuis TV mag slegs tydens geskikte tye na skool gebruik word.

**SIEKTES, AFWESIGHEID EN AFSPRAKE**

1. Siektes

- Indien 'n leerling siek is of sleg voel, moet die personeellid aan diens verwittig word - geen leerling mag sonder die toestemming en medewete van die dienspersoneel by die koshuis wees nie.

2. Mediese sake en afsprake

- Enige mediese afsprake word vooraf met die superintendent gereël. Die superintendent sal opdrag aan die matrone aan diens gee om afsprake, wat na skoolure sal wees, te maak. Alleenlik noodgevalle sal gedurende skoolure vir mediese behandeling geneem word.
- Indien leerlinge se ouers vir hul afsprake maak, moet sulke afsprake (behalwe waar noodsaaklik) nie gedurende skoolure gereël word nie.
- Indien leerlinge op ander dae as die gewone dorpsdag dorp toe moet gaan, moet toestemming by die superintendent verkry word. Sulke leerlinge moet in die daaglikse uittekenregister uitteken.
- Tienerswangerskap is 'n uiters sensitiewe aangeleentheid en word met deernis, maar ook binne die konteks van die koshuisomstandighede, hanteer. 'n Swangerskap beïnvloed ook die ander leerders in die koshuis. 'n Swanger dogter sal daarom bygestaan word om dadelik alternatiewe verblyfreëlings te tref om met haar skoolloopbaan te kan voortgaan. Die skool hanteer die omstandighede verder binne die departementele beleid en die gedragskode van die skool.

**ALGEMEEN**

1. Wasgoed

- Wasgoed van leerlinge wat naweke inwoon, word op Maandae - Woensdae by die matrones ingehandig om gewas te word. Die klere moet duidelik gemerk wees.

2. Kombuis, portaal

- Die kombuis is buite perke vir enige leerling.
- Geen leerling mag sy skooltas of bagasie in die voorportaal sit nie. Die skooltas/bagasie sal geskut word. Leerlinge kan na skool op Vrydae hul tasse en bagasie gaan haal en afbring.
- Die gebruik van die brandtrappe is verbode vir enige leerling behalwe as dit vir die regte doel gebruik moet word.

3. Besparing

- Bespaar asseblief water en elektrisiteit deur nie te lank te stort of in 'n groot bad water te bad nie - die volgende persone wil ook nog warm water hê.

4. Kleredrag

- Leerlinge moet altyd netjies en betaamlik geklee wees. Geen hoede of pette word binne die gebou gedra nie. Leerlinge moet óf volledige skoolklere aanhê, óf sindelike gewone klere.